Sondag 31 Julie 2022- Die Bybel en die Bose

Ek dink hierdie week aan ‘n gedagte wat my al sedert skool by bly:

- As jy teen jou gewete stry, en verloor, dan wen jy

Maak dit vir jou sin… As my gewete vir my sê wat reg is, en ek probeer dan myself van die teenoorgestelde oortuig, en op die ou einde kies ek dit wat my gewete sê, dan wen ek….

Kom ek maak dit prakties met 3 voorbeelde:

Voorbeeld 1:

Ds Viljoen skryf ‘n nuusbrief aan Kraggakamma gemeente op Februarie 1976. Die nuusbrief se opskrif is Die televisie is met ons. Hy praat dan oor die oggenddiens wat soos gewoonlik deur 600 mense bygewoon is. Maar die aanddiens, wat gewoonlik deur 40 mense bygewoon is, was daar net ‘n 13. En hy weet waar die ander was, hulle het televisie gekyk.. Hy sluit dan sy nuusbrief af met die woorde:

Situasies gaan natuurlik kom waar ons sal moet kies: skoolwerk doen of televisie kyk, plig nakom of plesier beoefen, daardie uurtjie nuttig bestee of driekwart aan die slaap na die skerm staar, kerk toe gaan of maar tuis bly. Televisie gaan ook dissipline van ons vra. Ons sal verantwoordelik daarmee moet omgaan en ons kinders ook so leer. My wens vir u is dat elke keer wanneer u moet kies en verkeerd kies, u gewete so sal knaag dat die televisie vir U geen vreugde sal inhou nie.

Voorbeeld 2:

Sibongili Mani (31) is ‘n student aan die Walter Sisulu Universiteit. Soos baie studente in Suid-Afrika het sy ‘n NSFAS beurs. Hierdie beurs beteken dan sy maandelik R1400 ontvang om vir haar kos, skryfbehoeftes en ander goed aan te koop. Op 1 Julie 2017 maak die persoon wat haar betaal ‘n fout en betaal nie R1400 oor nie maar liewer R14 000 000.

Ek dink julle weet wat Sibongili Mani gedoen het. Sy het R818 469 daarvan uitgegee. Sy het gemiddeld R11 000 per dag oor 73 dae uitgegee. Die geld is glo spandeer aan alkohol, lugtyd, haardroërs, air fryers, mikrogolwe, pruike, ‘n I phone

Een van haar vriendinne het toe ‘n foto geneem van Mani se balans, en toe dit op sosiale media soos ‘n veldbrand versprei, het die onreg aan die lug gekom. Sy is toe aangekeer en is ‘n paar maande gelede tot 5 jaar tronkstraf gevonnis.

Ek dink haar begeertes, haar liggaam, het harder geskree as haar gewete. En so het haar gewete gewen vir 73 dae gewen…. Maar toe later verloor…

Voorbeeld 3:

Hierdie foto is van die Schantz familie in Virginia Carolina Amerika. Emily ‘n onderwyseres, haar man en twee seuns wou bietjie in Mei 2020 uitkom na die inperking en besluit om bietjie rond te ry. Op die pad ry hul toe oor ‘n sak wat in die middel van die pad lê. Hul besluit dat dit iemand se vullis moet wees en hul gooi toe die sak agterop die bakkie. ‘n Paar

meter verder vind hul nog 'n sak.  So reis hul heeldag met die 2 sakke. Aan die einde van die dag toe hul by die huis kom besluit hul om die sakke weg te gooi, dit lyk toe egter asof die sakke iemand se pos bevat. Tot hul verbasing kom hul toe agter dat daar omtrent 'n mIljoen US Dollar (oor die 17 Miljoen Rand) in kontant in die sakke was. Die familie het toe besluit om die plaaslike polisiekantoor te skakel, dadelik soontoe te ry en die geld terug te gee.

Tot baie mense se verbasing, vra een van die joernaliste toe vir Emily hoekom hulle besluit het om die geld terug te gee. Emily Schantz se woorde was: Die geld behoort nie aan ons nie. Dit was nie 'n moeilike keuse nie. Dit is die regte ding om te doen…

As jy teen jou gewete stry en verloor, dan wen jy.  Ek glo hier diep binne ons, is die vermoë om die regte ding te doen. Hier binne ons elkeen is 'n gees wat ons lei en inspireer om goeie gesonde keuses te maak, ons moet net luister na die gees...

Kom ons bid saam:

Here mag U gees ons lei.... Mag U gees ons lei om die regte besluit te maak in die lewe.  Dat ons nie sal vou onder die wêreld se druk nie. Dat ons sal aanhou vasklou aan wie U is...

Ons lees vanoggend saam vanuit Matteus 4:1-11. Ek gaan dit lees saam met die teks verwysings, sodat julle die idee kan kry van hoe gereeld daar in die hierdie 11 verse van die ou Testament aangehaal is. Ons lees nie net Bybelse verhale in isolasie nie.

1. Toe is Jesus deur die Gees die woestyn in gelei om deur die duiwel versoek te word.
2. Veertig dae en veertig nagte het Hy niks geëet nie en naderhand het Hy honger geword.
3. Die versoeker het toe gekom en vir Hom gesê: "As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word."
4. Maar Hy antwoord: "Daar staan geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom." {Deut. 8:3}
5. Daarna neem die duiwel Hom na die heilige stad toe en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan
6. en sê vir Hom: "As U die Seun van God is, spring af! Daar staan mos geskrywe: Hy sal sy engele oor jou opdrag gee {Vgl. Ps. 91:11} en: Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie." {Ps. 91:12}
7. Jesus sê vir hom: "Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie." {Deut. 6:16}
8. Toe neem die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe, wys Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag
9. en sê vir Hom: "Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid."
10. Maar Jesus sê vir hom: "Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien." {Deut. 6:13}
11. Daarna het die duiwel Hom met rus gelaat, en daar het engele gekom en Hom versorg.

40 is 'n bekende getal in die Bybel. Ons lees gereeld van goed wat oor/binne 40 dae of 40 jaar gebeur. Noag in die Ark. Die volk in die woestyn. Jesus hier in die woestyn.  40 is ook die getal weke wat 'n vol termyn swangerskap is. So wanneer ons die woord 40 hoor, dan moet ons dink aan iets nuuts wat gebore gaan word. 40 is die simbool van nuwe lewe. Iets nuuts wat gaan plaasvind. Iets verfrissend/iets anders wat gaan gebeur... Wees gewaarsku, wees gereed... En in hierdie week se teks is dit niks anders nie.

En so lees ons van Jesus se versoeking in die woestyn. Ja, hy is ook versoek. Ja, hy moes ook die bose weerstaan. Vanoggend se teks word gereeld gelees saam met die Genesis verhaal waar Adam en Eva in die tuin deur die slang versoek word.

Ek wonder hoe dink jy oor die bose en die duiwel? Wat is die prentjie wat jy in jou kop het? Dit klink vir my of baie mense aan die bose dink as iemand wat met 'n wrede glimlag en 'n drietandvurk rondom 'n "helse" vuur loop terwyl hy uit sy maag en keel lag. Vir ander is hy weer die komieklike dwerg met horings op sy kop. Of die veglustige slang. As die bose maar só was en só gelyk het kon ons hom dalk gelokaliseer en opgespoor het en die beste van alles, gevang het! Of vir die bose 'n lokval gestel het. Of wanneer ons die bose sien aankom kan ons weghardloop of die bose weggejaag het.

Die bose lyk nie so nie. Die bose is nie daar vêr nie. Die bose is nie daarbuite nie. Jy het 'n beter kans om die bose naby jou in die spieël te sien as daar vêr deur die venster. Die bose leef binne in ons. Die bose is in ons begeertes en ideale en drome en fantasieë. Die bose is nie 'n gedierte buite ons nie, maar 'n kakofonie van stemme binne ons. Elkeen wat op sy eie manier aandag wil kry.

Die bose glimlag en knip vir ons oog oor geld en seks en middele en geweld ens. Hy skree nie op ons nie, hy wink ons nader. Saggies, selfs vriendelik, gee hy "slim" raad. Hy sê ook soos die engele van God: "moenie bang wees nie … ek het vir jou goeie nuus". Hy troos ons vooruit dat niks verkeerd is nie en dat niks sleg sal gebeur nie. Hy ken die skrif baie goed en weet presies hoe wat en waar om dit te gebruik sodat dit hom pas nes dit wil.

Die bose ken sy tyd. Hy weet wanneer ons broos en op ons breekbaarste is. Wanneer ons moeg is. Wanneer ons kapasiteit vir gesonde besluite laag is.

Die bose versoek ons nie van buite nie, maar van binne

Ons is heeltyd daarvan bewus, maar ons kan nie daarvan wegkom nie. Die bose gaan saam met jou, in die kerk, in die tempel, in die woestyn, by die werk, in jou huis... enige plek. Dit is hartseer om te dink, dat dit nooit werklik net jy en God sal wees nie, die bose sal ook maar daar teenwoordig wees.

So die stoei met die duiwel, is 'n stoei binne onsself om by die waarheid uit te kom. Jesus is ALLEEN in die wildernis, maar die versoeking vind steeds binne hom plaas. The temptation to avoid our devil. Jesus kom vanuit sy doop verhaal, toe 'n stem vir hom gesê het Jy is my geliefde kind. En net daarna hoor hy ander stemme.

En hier vind ons vir Jesus in sy "klooster" die woestyn/ sy kweekskool. Ons lees in Matteus 4:1

1. *Toe is Jesus deur die Gees die woestyn in gelei om deur die duiwel versoek te word*

Wat lei Jesus na die woestyn? Die bose gees of die Gees van God? Dit is die gees van God. So volgens die Gees van God is die tyd in die Wildernis net so belangrik soos om gedoop te word. Die wildernis is 'n geleentheid/ervaring/plek wat nodig is vir ons om in te beweeg om die volheid van die lewe te ontdek. En eintlik is dit maar net soos toe die Here se volk vir 40 jaar lank ook deur hul eie Woestyn moes beweeg.

Ek het nog altyd gedog die wildernis/die woestyn is in my pad. Dit keer, dit verhinder my om by 'n plek van vryheid uit te kom. Om uit te kom by die plek wat God wou hê ons moet. Maar hierdie teks het my geleer dat die woestyn is nie in die pad nie, die woestyn is die pad... Want as die woestyn tyd in die pad is, dan wil ek vlug daarvan. Weghardloop. Ek wil dit vermy. Maar as ek die woestyn vermy, dan vermy ek die lesse wat ek daar moet leer. In die woestyn kry ek nuwe waardering vir wie God is en ook wie ek is.

Soos byvoorbeeld, Is dit nie a.g.v. die droogte van ons in die stad ervaar, dat ons nou eers die geskenk van water waardeer nie. Water was nog altyd 'n geskenk van God, maar a.g.v. die woestyn tyd begin ons dit nou eers waardeer.

Geloof/ die Bybel moet my nie help om die woestyn te vermy nie, dit moet my juis lei van hoe ek MOET LEEF IN DIE wildernis.

En dit is waar Jesus my hier weer help. Met sy verstaan van God, sy verstaan van die Bybel. En tog word hy ook versoek. En hoe vind hierdie versoeking plaas.

Die bose laat ons op ons liggaamlike, op ons materiële fokus.

Jou liggaam begin skree en jou gees skree daarteen.

Die goed in ons lewe, wat maak dat God verduister word.

In die woestyn, wanneer Jesus honger en dors is, kom die bose saggies nader en praat oor drie verskillende versoekings:

Versoeking 1

3. : "As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word."

4. Maar Hy antwoord: "Daar staan geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom." {Deut. 8:3}

Jesus vertrou God telkens volkome vir sy versorging. Wat kwaad sal dit nou regtig doen vir klippe om in brood te verander. Nie juis nie. Dit kan selfs die hongersnood oplos. Maar dit gaan nie volgens Jesus om meer brood op die aarde te hê nie, dit gaan eerder oor ons wat meer die brood op die aarde met mekaar moet deel.

- Die eerste versoeking wil eintlik uitskree: wees relevant!

Versoeking 2:

6- "As U die Seun van God is, spring af! Daar staan mos geskrywe: Hy sal sy engele oor jou opdrag gee {Vgl. Ps. 91:11} en: Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie." {Ps. 91:12}

7- Jesus sê vir hom: "Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie." {Deut. 6:16}

Die tweede versoeking (4:5-7) konsentreer op hoe Jesus by die tempel skouspelagtig sy Messiasskap kan bewys, maar Hy gee nie toe aan die versoeking van die Duiwel nie. Dit klop met die res van die verhaal. Jesus kon by meer as een geleentheid sy mag vertoon deur byvoor-beeld uit gevangenskap te ontsnap of van die kruis af te kom. Hy vertrou egter God volkome vir die uitkoms.

Die tweede versoeking is: wees spektakulêr!

Versoeking 3:

"Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid."

10. Maar Jesus sê vir hom: "Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien." {Deut. 6:13}

Die derde versoeking (4:8-11) beklemtoon, dat alhoewel die koninkryke van die wêreld aanloklik vir Hom lê en wink, Jesus dit met 'n Skrifwoord van die hand wys. "Gaan weg agter my Satan ..." Jesus noem die Satan by die naam om hom aan te sê dat hy die teenstander van God is. Hy kan nie

aanspraak maak om aanbid te word nie. Net God moet aanbid word (vgl. Deut. 6:13). Vandag bied die wêreld vir gelowiges ook baie dinge aan om hom/haar te versoek.

Die derde versoeking is: wees magtig

In die woestyn, wanneer Jesus uitgelewer is aan moeilike omstandighede, dan praat die bose oor geloofstruuks wat Hy kan misbruik om vinnig te ontsnap aan die vormende oefeninge van die lewe. Maar ek wil dit tog prakties maak en dink aan ons (my en jou) eie versoekings:

Dalk is seksuele wellus nie jou grootste pyn nie, maar liggaamlike rykdom, 'n groot huis, nog 'n kar, nog 'n televisie, nog 'n plaas, nog 'n drankie, nog meer geld, nog 'n kykie na daardie man of daardie vrou, nog ''n storie wat jy nie kan help om oor te vertel nie. Dit nie noodwendig verkeerd nie, maar dit kan van jou besit neem...

Ons kry die DRIE-ENIGE GOD. Vader seun en Gees. Wat hier binne-in ons woon. En ons mooi maak. Maar ons kry ook die

DIE DRIE-ENIGE BOSE. Is ook hier rondom ons, binne ons, by ons...

- Aanbid jou liggaam. Al jou liggaamlike begeertes. Sy droom is dat ons maag harder sal skree as ons hart. En dat ons sal aanhou slegte dinge doen om ons liggaam te bevredig.

Maar Jesus wys ons ons mag NEE sê

- Aanbid jou gemak. Sy droom is dat ons op ons eie manier jaag dat dit net lekker wees. Enige vorm van lyding is daar geen plek voor nie. Teespoed is sleg.

Maar Jesus wys ons ons kan NEE sê

- Aanbid jou status. Sy droom is dat dit goed is om belangrik te wees. Dat dit beter is om magtig te wees magteloos. Dat ''n mens jou nie moet onderwerp nie. Dat jy moet opstaan en baklei en stry. Selfgesentreerd en selfverheffend. Waar dit moet gaan oor status...

Maar Jesus wys ons, dit is goed om NEE te sê

Het jy al gedink wat die gevolge sou wees, as Jesus drie maal Ja gesê het i.p.v. nee. As hy ja gesê het vir sy liggaam, ja gesê het vir sy mag en ja gesê het vir sy status- wat sou gebeur het? Jesus sou sy hele lewensvisie sy hele lewens doel, sy hele lewensvisie gemis het. Daar sou nie ''n Golgotha gewees het nie en ook nie 'n Pinkster nie. Baie mense sal ook vandag getuig, dat hulle die bose misgekyk het en ja gesê het en so hul huwelike, gesinne, loopbane vernietig het... Want die bose was toe nie die klein mannetjie met die drietand vurk daar vêr nie. Dit was eerder ook hier binne ons.

Jesus kom leer ons, ons KAN NEE sê. Ons kan nee sê, as ons bly in die woord en ons bly in die Gees.

Maar Jesus is die seun van God en ons is genadiglik die kinders van God … ons het die gees van onderskeiding. Ons weet wanneer om nee te sê, of weet ons?

Al wat oorbly is 'n geleentheid van eerlike/ opregte gebed voor God...

Gebed: Mag die Gees van God ons seën met wysheid. Dat ons die bose kan sien vir wat dit is. Dat ons daarvan bewus sal wees, sonder om daarvoor bang te wees. Mag die Here vir ons wysheid gee om deur die slinkse en bose planne van die bose te sien, sodat ons versigtig sal wees. Mag die Here se Gees ons genade gee en help om Nee te sê wanneer ons Moet.